# 358 O Maria aan u voete







Wat ek is en al wat myn is, liggaam, siel, gemoed en hart,
woorde, werke en gedagtes, elke vreug en elke smart,
lê ek, Moeder, aan u voete, lê ek in u Moederhart;
elke polsslag sê dieselfde: U my Moeder, ek u kind.

Soos Maria wil ek lewe; aan haar wy ek my geheel;
om te toon my dank en liefde, is my niks te swaar, te veel.
Nog eens, Moeder, smeek en hoop ek, in die uur van laaste stryd;
wees my Voorspraak as ek sterwe, lei my na die ewigheid.

Onbekend Onbekend